Na P 40's!

# DIE HEILIGE GEES AS TROOSTER.

"Maar die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Joh. 14;26.

Hierdie was die afskeidswoorde van Jesus aan sy disiepels. Bedruktheid en verdriet het onderhulle geheers omdat hulle nou moes afskeid neem van hulle troue Vriend, Wonderwerker en Kragopenbaarder. Jesus rig egter aan hulle hierdie troosswoorde en gee aan hulle die Trooster wat beteken Leermeester en Advokaat.

Die Heilige Gees is ons Leermeester waat Hy ons verstand verlig en ons voed uit die Heilige Skrif. Hy is ons Advokaat waar Hy pleit vir 'n lewe sonder sonde; waar Hy ons so dikwels op ons sonde-skuld wys; ja, net soos Jesus vir ons pleit in die Hemel, net so pleit die Heilige Gees hier op die aarde vir ons en in ons met "onuitspreeklike versugtinge."

Die Heilige Gees is die ewige TROOSTER wat ons as sondaars wil VERTROOS met Sy ewige TROOS.

## I. Die TROOSTER.

a) Hy is 'n Liefdevolle Trooster. Onder rampe en gevare en mismoed is die Heilige Gees maar altyd gewillig om by ons te bly, om ons moed en krag te gee as aardse kruisdraers.

b) Hy is 'n Getroue Trooster. Nooit laat Hy ons in die steek soos ~~ons~~ ontroue vriende ~~soms~~ nie; Hy is getrou tot die dood toe. Altyd maar gewillig om ons sondes te vergewe en te vergeet en dan opnuut weer daardie vriendskapsband met ons aan te gaan. al het ons Hom verdriet aangedaan. Hy verwelkom U geliefde al het U geval in sonde, al het U afgedwaal al het U Hom verdriet aangedoen.

c) Hy is 'n Vertroubare Trooster. U kan aan Hom al U lewensgeheime toevertrou; voor Hom al U klagtes uitstort; U kan U hele lewe aan Hom toevertrou en nooit sal Hy U vertroue skok nie. Hy bied U aan vrede, liefde, genade en sal Sy beloftes getrou nakom sonder te faal en U teleur te stel.

Is Die Heilige Gees vir U 'n liefdevolle Trooster ? Ondervind U sy liefde daagliks as kranke, as beproefde? Is Hy vir U 'n getroue Trooster, ondervind U Sy trou elke dag van U lewe ? Maar wat meer is, vertrou U U lewe aan Hom toe?

## 2. Die TROOS.

Oor die troos en leiding van die Heilige Gees is daar baie verdraaide begrippe in omloop. Laat ons duidelik wees dat die Heilige Gees openbaar nooit iets nuuts aan ons nie maar vernuwe die oue. Hy herinner ons aan dit wat ons vergeet het, Hy bring na vore die waarhede van die Heilige Skrif wat miskien tot nogtoe nie onder ons aandag was nie . "Hy sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."

Die Trooster troos ons soos wat God Hom aan die mens bekend gemaak het dws Hy troos ons deur en in Jesus Christus deurmiddel van die Woord.

Het U al hierdie troos van die ewige Trooster ondervind ? Is U oortuig van die waarhede van die Heilige Skrif en het U dit al aanvaar as U "enigste troos in lewe en in sterwe?"

## 3. Die VERTROOSDE.

Twee groepe is daar in die wêreld nl. die vertroosdes en die onvertroosdes; die geheiligdes in die Heilige Gees en ~~aan die anderkant~~ die onheiliges in die sonde. Een groep het vergiffenis van sonde ontvang die ander groep nie. Laat ons onsself sif; Is ons kaf of is ons koring ? Mag die Here gee dat as U kaf is U aan koring mag verander.

Die Here skenk nie genade, vergiffenis oor sonde en heiligmaking apart nie, nee geliefde dis 'n eenheidgawe. U kan nie vergewe word en dan nie gewillig wees om voortaan alle sonde te versaak nie. As U God se vergiffenis aanvaar, dan moet U ook gewillig wees om Sy heiligmakings proces te aanvaar. U verwag ~~dat U leraar vir U mooi~~ vertroostende woorde ~~moet sê~~ daar waar U lê op U siekbed--- maar Geliefde hoe kan ons olie opgooi as die operasiemes nodig is ? Ons wil dat 'n man sy sonde voel voordat ons van genade vertel. want Indien die Trooster U nog nie van U sonde oortuig het nie, dan verdien U geen genade nie.

As U die Trooster nie ken nie, sal U die Regter leer ken. As U die Trooster nie ken nie, sal U die ewige verdoemenis leer ken. Mag die Here U genade gee om te glo in die Trooster en Sy troos want dan alleen ~~sal U gered word~~. ... aan U hul & redding.